SA Media - The University of the Free State
Page: 1
Source: BEELD
Date: 08-Mar-2005
Topic: 25
Ref No: 1333
1
ID: 03189216-01
Source Page: 14

# Hare die kloof in transformasie

## Potloodtoets-obsessie spook steeds in SA



**Beeld-forum**

Jonathan Jansen

Wat is dit met Suid-Afrikaners en hare? Ek raak prikkelbaar en senuweeagtig wanneer dit tyd raak om my hare te laat sny. Waar ek grootgeword het in Kaapstad was haarsny 'n onbewoë deel van die maandelikse Saterdagoggendroetine.

Toe ek weggaan, word dit 'n ware las. Ook in Pretoria het ek my reg-matige porsie afjakke en snedige opmerkings ervaar.

Nou die dag gaan ek na Amy's in Hatfield. Die oomblik toe ek instap, draai die tannies met koppe onder daardie hoedevorms uit die buitenste ruim in my rigting terwyl die assistent haar as 't ware in stadige aksie na die uitlander by ontvangs wend. Voordat ek kon praat, spoeg sy dit uit: "Ons doen nie etniese hare nie." Waarop ek antwoord: "Nou wat noem jy jou hare? Nie-etnies?"

Ek het onmiddellik besef dat 'n uitgerekte debat oor haar gebrek aan 'n toepaslike woordeskat om 'n nuwe werklikheid te hanteer op 'n mors van tyd sou neerkom.

By 'n ander haarkapper in Menlopark het drie mans wat nog nie gehelp was nie, gewoon uitgeloop toe ek instap. 'n Haarkapper in Brooklyn het my eenvoudig laat wag totdat ek 'n herrie opgeskop het. Nog een in Brooklyn het voorgegee dat hy vol bespreek is vir die oggend – al was daar niemand in sig nie.

Omdat ek nie by Amy's wou padgee nie en omdat 'n morsige skouspel aan 't ontwikkel was, is ek aangesê om na die wasbak te gaan en is daar op "Sophie" geskree om aandag te gee aan my. Sophie die swart vrou het geamuseerd gelyk; ek het die indruk gekry dat sy voorheen verligting gebring het.

Hare gewas, wat nou? Tot almal se verligting tree 'n jong (wit) vrou na vore. Sy vertel my toe die roerende verhaal van haar onlangse dwelmrehabilitasie. Wie weet, miskien is bedwelming 'n nuttige doofmiddel om wittes te help om die rassekloof te oorbrug!

Die Suid-Afrikaanse obsessie met hare setel natuurlik diep in ons rasseverlede. Ek wonder of my kinders ooit sou glo dat die sogenaamde "potloodtoets" so ywerig deur die apartheidsburokrasie gebruik is om rasseklassifikasie te help vasstel. Dat jy, afhangend daarvan of die potlood deur menslike hare glip of daarin vassteek, só maklik verdoem kon word tot witheid of swartheid.

Dit was die onderwerp van onderrig in talle klaskamers – soos die dokumentêr waarin 'n wit Suid-Afrikaanse onderwyser die hare van die Khoisan met dié van skape vergelyk, bloot om aan te toon dat "hul hare nie soos ons s'n is nie".

Dit was (en is steeds) die bepalende faktor wanneer gesinne besluit met wie getrou kan word en met wie nie uit vrees vir "hoe die kinders sal lyk". Hare kan heel moontlik die laaste voorpos van transformasie wees.

Maar hare verskaf, ironies genoeg, juis 'n klinkklare, eksterne onthulling van 'n diverse afstammingspoel. Soos een van my wit kollegas onlangs opgemerk het: "Wanneer my familie bymekaarkom, sien ek nie slegs die hele reeks haarteksture nie, ek sien ook 'n lekker gemengde voorouerskap." As sy dit sou waag om hierdie opmerking tydens die familiebraai te maak, sou die hel losbars.

Die probleem met hare is dat dit nie slegs die toetssteen vir wit opgesag geword het nie, maar ook die stempel van swart patologie. Ons almal het tannies gehad wat hul hare "gestryk" het (die krulle uit hul hare laat verwyder het).

Ten spyte van al die bravade aangaande swart trots en swart onafhanklikheid skuil daar diep binnein 'n aaklige monster wat sosiale aanvaarbaarheid gelykstel met reguit hare.

Hoe ongelooflik hartseer.

Die skerpste herinnering aan 'n televisie-advertensie uit my kinderdae is die advertensie "wow, look at me now" waar die wit vrou haar lang, reguit hare skud terwyl sy met 'n Suid-Afrikaanse straat afhuppel. Swart mense met pragtige hare was bereid om hul lokke te vernietig deur daardie bottels te koop wat "droë en beskadigde hare" (kodewoorde vir swart hare) onderskei van "natuurlike hare" (kodewoorde vir wit hare).

Ek het sowaar op 'n keer gereken dit is as 'n grap bedoel toe 'n vriendin haar eie haarlokke as "stout hare" beskryf het.

Boonop vertel 'n swart vriendin my die storie van die familiebyeenkoms om haar ligvellige pasgebore baba met die geringste suggestie van "reguit hare" te bewonder – net om ferm daaraan herinner te word "daardie hare sal nog krul" – net ingeval sy gehoop het op lang hare!

Emosioneel uitgeput steier ek na 'n ander stoel in 'n ander haarsalon in Hatfield. Daar sien ek toe die volgende uitnodiging op 'n Redkensjampoe-advertensie: "Sal ons oor kleur praat?"

Omtrent tyd, het ek gedink.